# 5 November - TAMAR

**Skrifgedeelte: Matteus 1:1-17 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:3**

Matteus 1 begin met 'n geslagsregister; dié van ons Verlosser, Jesus Christus. Die Heilige Gees toon vir ons aan presies wie Christus was en is. In Christus het die Ou Testament tot vervulling gekom. Jesus is die erfgenaam van die kroon van Dawid, gebore uit die koningsgeslag, die wettige seun van die koning van Israel.

In ons Skrifgedeelte lees ons van sondaars. Daar is moordenaars, koning Dawid self, leuenaars soos Abraham, bedrieërs soos Jakob, prostitute soos Ragab, afgodsdienaars soos Manasse wat selfs sy eie seun geoffer het. Daar was *Tamar*, Ragab, Rut en Batseba.

Op *Tamar* wil ons fokus. Juda, seun van Jakob se oudste, Er, trou met Tamar (Eks 34:4). Er is egter 'n slegte man, en die Here laat hom sterf. 'n Broer moet sorg dat sy oorlede broer se naam voortlewe deur met dié se weduwee te trou en te sorg dat daar kinders gebore word vir die broer, en Onan moet optree. Onan pas egter 'n baie onnatuurlike maar effektiewe geboortebeperkingsmaatreël toe, uit hebsug. En omdat die Here sy regter is, laat Hy hom ook sterf.

Tamar word teruggestuur na haar pa toe, want Juda se seun Sela is nog te jonk om te trou. Tamar sal lank moet wag, maar eintlik wil Juda nie weer sy seun aan haar verbind nie. Juda se vrou sterf en hy is dus weer ongetroud. Tamar vermom haar en gaan sit en wag langs die Timnapad waar Juda moet verbykom. Juda sien haar vir 'n prostituut aan en bied as betaling 'n boklam uit sy kudde aan, wat later sal volg. Tamar vra egter solank 'n pand as sekuriteit en verkry so Juda se seëlring en kierie. Tamar is swanger en Juda gee die opdrag: Verbrand haar! Eers as die saak ver gevorder het, bring sy haar bewysstukke om die skuldige op te spoor. Juda, die regter, verander sy uitspraak en verklaar homself die skuldige. Daarmee is Tamar regverdig verklaar: onskuldig.

Uit hierdie geslag mense is Jesus gebore. Dit was sy voorgeslag: sondaars. Deur sy soenverdienste aan die kruis is ons onskuldig en regverdig verklaar! Christus is gebore vir ons sondaars om ons te bevry van die mag van die sonde. In Hom het God al sy beloftes vervul. Hy is die Leeu uit Juda.

*Sing: Psalm 19:5 (1936-beryming)* *Ds LAS Nel (Elandskraal)*